

Maandelikse gemeentebrief September 2019

Jy is God se geliefde kind!

Ongeveer 17 maande gelede het iets in my lewe gebeur wat alles verander het. Ja, daar het in die verlede ook al ander groot dinge gebeur, maar ek wil graag fokus op hierdie spesifieke gebeurtenis; wat dit vir my beteken het en wat ek tot dusver daaruit geleer het. Voor hierdie gebeurtenis het ek myself keer op keer betrap dat ek regtig selfbewus is, dat ek twyfel in myself en dat ek baie waarde aan ander mense se kritiek heg. Ek praat nie van opbouende kritiek of komplimente nie, maar spesifiek negatiewe opmerkings. Dit het my keer op keer baie swaar getref en ek het gesukkel om dit te verwerk.

So, wat het 17 maande gelede gebeur?

Op 16 April 2018 is Abigail Esther Marais gebore. 'n Kleine, sagte lyfie wat in hierdie groot en harde wêreld ingekom het. Op daardie dag het iets binne hierdie man verander. Ek onthou nog hoe 'n groot verligting haar eerste huil vir my was, want die "movies" het my geleer dat 'n pasgebore baba moet huil, anders is daar moeilikheid. Binne 'n oomblik het hierdie groot en harde wêreld gekrimp tot in 'n baie klein, intieme wêreld waarin net ek, Carla en Abigail teenwoordig was. Geen geld in die wêreld kan sulke oomblikke in ons lewens koop nie.

Intussen moes ek leer wat dit beteken om 'n "dogtertjie-pappa" te wees. Wat dit beteken om 'n veilige hawe te skep vir hierdie kleine lyfie en haar mamma. Ek het so baie geleer en is steeds besig om elke dag nuwe dinge te leer. Wat ek wel kan getuig is dat ek minder selfbewus is, dat ek minder in myself twyfel en dat ek kritiek beter hanteer. Hoekom? Want daar het 'n groter waarheid in my lewe ingekom. Jy kan nie selfbewus wees as jou dogtertjie vir jou 'n "Alice-band" opsit en vra dat jy vir haar moet dans nie. Jy doen dit net, en dit is baie bevrydend.

Dit laat my dink aan 'n opmerking wat Andy Stanley gemaak het: "Only as God increases in our lives will our questions decrease". Net soos Abigail ander mense se opinies vir my krimp het, so kom krimp God ook aardse dinge in ons lewens. Laat God toe om vandag die groot waarheid in jou lewe te wees, sodat jy ontslae kan raak van die klein lewens wat jou omring. Laat God jou herinner dat jy nie is wat jy doen nie, maar dat jy Sy geliefde kind is. Laat God toe om jou te herinner dat Hy alles van jou weet en steeds kies om jou lief te hê. Laat God toe om jou Pappa, jou herder, jou redder, jou versorger en jou veilige hawe te wees.

Ferreira Marais